

DIE ONTWERPGRONDWET

S.J. Terreblanche

VRAAG 1 : Is dit korrek om te beweer dat die President oor diktatoriale magte gaan beskik in die voorgestelde grondwetlike bestel?

VERDERE VRAAG : Watter moontlikheid bestaan daar dat die President se magte deur die Parlement en deur die Kousus aan bande gelê sal word?

ANTWOORD:

Dit is totaal ongegrond om te beweer dat die President volgens die voorgestelde grondwet oor diktatoriale magte gaan beskik. Geen substantiewe wetgewende bevoegdhede om wetgewing op eie houtjie op die wetboek te plaas, word aan die President verleen nie. Hy sal eweneens ook nie oor die bevoegdheid beskik om wetgewing wat deur al drie Huise (in geval van wetgewing oor algemene sake) of deur 'n Huis (in geval van 'n eie saak) te veto of aan die inhoud daarvan te verander as die betrokke Huis dit goedgekeur het nie. Die President gaan dus geensins oor daardie substantiewe magte beskik waaroor die President van die V.S.A. beskik nie.

Terwyl die President geen substantiewe wetgewende gesag sal hê nie, word sekere prosedurele magte aan hom toegeken waarvan hy gebruik kan maak (en ook gebruik moet maak) om geskille of dooiepunte wat tussen die Huise kan ontstaan, met behulp van die drie Huise en die Presidentsraad te probeer uitskakel. Hierdie prosedure word in die volgende vraag bespreek.

Die perke waaraan die President onderhewig is, kan soos volg opgesom word:

1. Hy is volledig ondergeskik aan die wetgewende gesag van die drie Huise oor sowel algemene as eie sake en aan die arbitersoptrede van die Presidentsraad indien 'n geskil tussen die Huise oor 'n algemene saak ontstaan. (Kritici van die voorgestelde grondwet beweer dat die benoemde lede op die Presidentsraad dit 'n Raad sal maak wat na die pype van die President sal dans. Dit spreek gladnie vanself nie.

In die V.K.R. was dit juis die onvoorspelbare optrede van benoemde lede wat veroorsaak het dat die Arbeidersparty aan die bewind gekom het).

2. Die President se dienstermyn is aan die leeftyd van die Parlement gekoppel en die President is verplig om na nie langer nie as vyf jaar die Parlement te ontbind en 'n verkiesing uit te skryf. Dit impliseer dat geen President vir langer as vyf jaar die pos kan beklee sonder dat die Kieskollege (wat na 'n verkiesing byeenkom) hom vir 'n tweede termyn gekies het nie.
3. Dit is ook nie moontlik dat die President die Parlement kan ontbind en dan op diktoriale wyse deur middel van 'n dekreet kan regeer nie. Die voorgestelde wetgewing maak uitdruklik daarvoor voorsiening dat die President die Parlement minstens een maal per jaar vir 'n sitting byeen moet roep. Boonop sal die Parlement ten minste die begrotingswet jaarliks moet goedkeur want die President (of die Kabinet) beskik hoegenaamd nie oor die magte om fondse te in of om die besteding daarvan te magtig sonder dat die Parlement dit in 'n begrotingswet bekragtig het nie.
4. Die President se magte word ook aan bande gelê omdat hy moet bedank as al drie Huise bedank. Ofte wel, as al drie Huise bedank sal die President 'n verkiesing moet uitskryf en wanneer die nuut verkose Parlement vir die eerste maal vergader moet 'n Kieskollege saamgestel word om 'n nuwe President te kies.
5. Indien al drie Huise 'n mosie van wantroue in die President sou aanneem, dan is hy ook verplig om te bedank.
6. Indien die President hom aan sekere ongeoorloofde gedrag skuldig maak, kan die Kieskollege opnuut saamgestel word, en kan hy besluit om die President van sy pos te onthef. Dan sal die Presidentsraad onmiddellik 'n nuwe President moet kies.

7. Een van die belangrikste perke wat aan die gesag van die President gestel word, is dat hy gebonde sal wees aan die politieke druk van sy koalisie-vennote in die kabinet. Sodra die President sy kabinet saamgestel het en waarin daar na alle waarskynlikheid ook Kleurlinge en Asiërs sal dien, dan sal die President onderhewig wees aan die politieke dinamiek van die stelsel. Die President sal wel die mag hê om Ministers te ontslaan en om nuwes aan te stel. Maar hy kan dit tog nie weekliks doen nie. Hy sal veral 'n besondere sensitiwiteit aan die dag moet lê vir sommige van sy Kleurling en Indiër ministers veral as hulle die leiers van die meerderheidsparty in hulle onderskeie Huise is.

8. Ten slotte is dit natuurlik nie vir die President nodig om te bedank as die Koukus van die meerderheidsparty van sê die Volksraad (Blanke Huis) 'n mosie van wantroue in hom stel nie. Dit is nie die Koukus van die betrokke Huis wat hom tot President verkies het nie, maar wel die Kieskollege. In die praktyk sal dit egter moeilik vir die President wees om in sy posisie aan te bly as die meerderheidsparty in sê die Volksraad 'n mosie van wantroue in hom aangeneem het.

Die enigste addisionele mag wat die President verkry wat aanvullend is tot die magte wat die Staatspresident en die Eerste Minister op die oomblik het, is dat hy in geval van 'n meningsverskil kan beslis of 'n saak 'n algemene of 'n eie saak is. Dit het egter geen substantiewe wetgewende implikasies nie, maar is net van prosedurele belang.

VRAAG 2

Op welke manier word geskille (of dooiepunte) wat tussen die drie Huise oor algemene sake kan ontstaan, uitgeskakel?

Beskik een of meer Huise oor 'n vetoreg? Watter prosedure moet die President volg om so 'n geskil (of dooiepunt) uit die weg te ruim?

ANTWOORD:

1. Diegene wat beweer dat daar voortdurende geskille of dooiepunte tussen die drie Huise oor algemene sake gaan ontstaan, oordryf die gevaar omdat hulle klaarblyklik nie die wyse waarop die nuwe stelsel gaan werk, reg verstaan nie. Die Kabinet gaan hopelik so saamgestel word dat dit oor die groots moontlike mate van legitimiteit sal beskik. Dit sal die geval wees as die leiers van die meerderheidspartye in al drie Huise in die Kabinet opgeneem is. Solank dit die geval is, sal al die wetgewing wat deur Uitvoerende Gesag geïnisieer word, die steun van die volle Kabinet hê en daarom ook die steun van die meerderheidspartye in al drie Huise geniet.

2. Dit is egter wel moontlik dat die leiers van die meerderheidspartye in al drie Huise nie in die Kabinet opgeneem sal word of dat 'n minister wat leier was van 'n meerderheidsparty vanweë politieke gebeure in sy party sy leiersposisie verloor. In so 'n geval kan daar wel 'n geskil tussen die Huise ontstaan. 'n Omvattende prosedure word voorgeskryf waarvolgens sodanige geskille uit die weg geruim kan word en wat daarop bereken is om die poging van 'n Huis om 'n bepaalde stuk wetgewing te veto, te neutraliseer. Vanweë hierdie prosedures is dit nie vir 'n Huis moontlik om 'n stuk wetgewing finaal te veto nie.

Hierdie prosedure is soos volg:

- (a) In die Komitee stadium van elke wetsontwerp word ruim geleentheid gebied om geskille uit die weg te probeer ruim en om konsensus te bereik.
- (b) Gebeur dit tog dat die Huise tot botsende besluite ten opsigte van 'n wetsontwerp (oor 'n algemene saak) geraak, kan die President beslis níe sonder meer die besluit van die Huis wat hom geval, onderteken en dit as 'n wet proklameer nie. Duidelike prosedures word voorgeskryf oor hoe die President in so 'n geval moet optree:
 - (i) Hy kan besluit dat dit nie gerade is om met die wetgewing voort te gaan nie omdat die tyd daarvoor nog nie ryp is nie of omdat hy (en sy Kabinet) nog meer tyd nodig het om die saak in der minne te skik.
 - (ii) Of hy kan die saak waaroor 'n geskil ontstaan het, na die P.R. verwys vir 'n aanbeveling. Die President sal egter nie gebonde wees aan die aanbeveling waarmee die P.R. voorendag mag kom nie. Die aanbevelings van die P.R. kan ook amendamente omsluit. Ná ontvangs van so 'n aanbeveling van die Presidentsraad kan die President nog nie die wet bekragtig nie, maar kan hy óf besluit om die saak vireers te laat vaar óf hy kan op grond van die P.R. se aanbevelings (of op grond van enige ander oorwegings) weer met die leiers in die Huise begin onderhandel.
 - (iii) Die President kan egter ook die saak waaroor 'n geskil tussen die Huise ontstaan het, onmiddellik (of nadat alle ander pogings om die geskil uit die weg te ruim, misluk het) na die P.R. verwys vir 'n beslissing. In só 'n geval kan

die P.R. geen amendament voorstel nie, maar slegs die President as't ware opdrag gee om óf die wetgewing te bekragtig óf om dit nie te bekragtig nie. Die P.R. kan in hierdie geval net Ja of Nee besluit. In so 'n geval is die President gebonde aan die beslissing van die P.R. en moet hy dit uitvoer, d.w.s. hy moet of van die saak afstap of een van die wette soos goedgekeur deur 'n Huis onderteken.

3. Wanneer daar 'n geskil of 'n dooiepunt oor die begrotingswetsontwerp ontstaan, sal daar uit die aard van die saak 'n tydsbeperking wees op die prosedure wat die President kan volg om die geskil uit die weg te probeer ruim. Indien die begrotingswetsontwerp nie binne 'n bepaalde tyd goedgekeur word nie, sal die staatsmasjienerie tot stilstand kom. Indien daar dus 'n geskil tussen die Huise oor die begrotingswetsontwerp ontstaan, sal die President dit ten minste binne die verloop van daardie jaar na die Presidentsraad moet verwys vir 'n beslissing. En as die P.R. aanbeveel dat hy bv. die wetsontwerp soos goedgekeur deur die Volksraad (Blanke Huis) te bekragtig, sal die President dit moet doen. As die P.R. aanbeveel dat die President geeneen van die begrotingswetsontwerpe soos goedgekeur deur die drie Huise moet bekragtig nie, sal 'n ligte "politieke krisis" ontstaan en sal die Uitvoerende Gesag (en by name die Minister van Finansies) 'n nuwe begrotingswetsontwerp by al drie Huise moet indien en sal al die ander prosedures geld totdat 'n ooreenkoms bereik is of totdat die P.R. aanbeveel dat die begrotingswet soos goedgekeur deur ten minste een Huis, bekragtig moet word.

VRAAG 3 : Is u van mening dat die verskillende partye en individue aan die referendum moet deelneem of moet hulle dit boikot?

ANTWOORD :

Enige persoon of party wat Suid-Afrika se belange werklik op die hart dra en ten gunste van 'n evolusionêre proses van konstitusionele verandering is, is moreel verplig om aan die Referendum deel te neem. Dit is seer sekerlik die goeie reg van elke stemgeregtigde om 'n Nee-stem in die Referendum uit te bring, maar dan moet die betrokke persoon grondige besware teen die grondwet kan inbring én ter selfdertyd moet hy (of sy party) met haalbare alternatiewe voorstelle kom wat sowel die blankes as die Kleurlinge en die Indiërs se ondersteuning sal wegdra. Terwyl die voorgestelde grondwetplan seer sekerlik nie volmaak is nie en moontlike onnodige swakhede bevat, is dit tog 'n lofwaardige stap in die rigting van daardie soort hervorming wat ten minste al 'n tien of twintig jaar gelede 'n aanvang moes geneem het. 'n Persoon en 'n Party wat uitdruklik hervorming-gesind is, sal bitter moeilik teen die voorgestelde hervorming kan stem en nog met sy gewete kan saamleef. Die verweer dat hy daarteen stem omdat die hervorming nie ingrypend of omvattend genoeg is nie, is 'n holle verweer. Rome is immers nie in een dag gebou nie. En wat help dit om so drasties ten gunste van meer ingrypende en omvattende hervorming te wees as die kanse dat dit deur die blanke Parlement goedgekeur sal word, net mooi 'n ronde nul is? Die alles-of-niks houding van die PFP herinner aan daardie soort kinderagtige gedrag waarvan seuns en dogters hulle skuldig maak in hulle adolessente jare.

Die beswaar van die verregse partye dat die voorgestelde grondwet die soewereiniteit van die blankes sal ondermyn en dat dit die dun punt van die wig is wat mettertyd tot 'n vierde Huis vir Swartes en tot Swartoorheersing sal lei, is totaal ongegrond. Die PFP beweert weer dat die blanke dominasie in die voorgestelde grondwet verskans word en maak beswaar dat die Swartes nie deel van die voorgestelde Parlement sal wees nie. Dis ook ongegrond.

Wat albei Partye moet beseef, is dat veral die Kleurlinge op die oomblik totaal ontkieser is en hoegenaamd geen verteenwoordiging of inspraak op die eerste en tweede regeringsvlakke het nie. In die vyftigerjare is die Kleurlinge se parlementêre stemreg afgeskaf. In die sestigjare is die 4 Kleurlingverteenwoordigers in die Parlement afgeskaf en in die sewentigerjare het die VKR opgehou om te bestaan en is dit mettertyd afgeskaf. Hierdie stand van sake waarvolgens die Kleurlinge volledig ontkieser is, kan nie so gehandhaaf bly nie. Iets moet dringend aan die saak gedoen word.

Die PFP wil hê ^{dat} 'n Nasionale Konsensie 'n nuwe grondwet moet uitwerk wat hopelik deur die Blanke Parlement goedgekeur sal word. As die Blanke Parlement dit nie wil goedkeur nie, word dit glo weer na die Nasionale Konsensie terug verwys en so kan dit vir vyftig en selfs honderd jaar lank aanhou ! Terwyl die PFP nog nooit 20 persent van die populêre steun van die blanke kiesers verwerf het nie, en terwyl daar 'n onrusbarende swaai na regs in blanke geledere waarneembaar is, lyk die kanse goed dat 'n Blanke Parlement nie eers in 'n 100 jaar die grondwet wat deur 'n veelrassige Nasionale Konsensie aanmekeer gespyker is, sal goedkeur nie. En dan is dit ook nog twyfelagtig of die Nasionale Konsensie ooit eenstemmigheid sal bereik. Die PFP se Nasionale Konsensie is inderdaad 'n ideale formule om aan hulle maksimum geleentheid te bied om hoogdrawende en moreel verhewe retoriek oor Swart verteenwoordiging te maak, terwyl hulle baie goed weet dat hulle na alle waarskynlikheid nooit in 'n posisie sal kom waar die stelreël van "deliver the goods" op hulle van toepassing sal wees nie ! Hoe 'n Party wat oor konstitusionele aangeleenthede so bankrot soos die PFP is, moontlik sy kiesers gaan oproep om óf die Referendum te boikot óf om Nee te stem, gaan alle verstand te bowe.

Die K.P. wil die huidige skaakmat en onhoudbare posisie ten opsigte van veral die Kleurlinge, oplos met die Kleurlingtuisland hersingskim. In my hoedanigheid as ekonoom moet ek enige vorm van 'n Kleurlingtuisland afwys as só onprakties, só finansieel ondeurvoerbaar en boonop só totaal onaanvaarbaar vir die Kleurlinge dat dit eintlik 'n verleentheid is om 'n

mens uberhaupt daarmee besig te hou, al is dit net om dit in die sterks moontlike taal te verwerp. Dit is die grofste vorm van ontvlugtingsdenke waarmee 'n mens jou kan besig hou.

Die K.P. se beswaar dat die blanke soewereiniteit deur die voorgestelde grondwet ondermyn gaan word, is hoegenaamd nie waar nie. Oor hulle eie sake behou die blankes volle beheer. Oor algemene sake kan daar wel 'n geskil (dooiepunt) ontstaan, maar uiteindelik sal die President op grond van die uitsluiting wat die P.R. bied, die geskil besleg.

Die K.P. se verwyd dat die voorgestelde grondwet die dun punt van die wig is om ook 'n vierde Huis vir die Swartes te skep, is totaal onwaar. Die nuwe grondwet sal net gewysig kan word as al drie Huise dit goedkeur. Wat die K.P. gerieflik verswyg, is dat die huidige Parlement met 'n meerderheid van een kan besluit om die huidige grondwet te wysig en om groot Swart verteenwoordiging daarin toe te laat. Waarom maak die K.P. dan nie ook net so heftig beswaar teen die status quo nie ?

Die PFP se beswaar dat blanke dominasie verskans word, is uiters onbillik. Dit is uiters onbillik omdat die PFP se Nasionale Konvensie eweneens op blanke dominasie berus, want tot tyd en wyl die blanke Parlement die voorstelle van die Nasionale Konvensie goedgekeur het, bly die status quo gehandhaaf ! Wat 'n onbuigbare formule is dit nie om blanke dominasie vir geslagte wat kom, te verskans nie !

Die voorgestelde grondwet sal by uitstek op onderhandelinge gebaseer wees. Onderhandelinge gaan op Kabinetsvlak tussen wit, bruin en Asiër plaasvind. Onderhandelinge gaan tussen die President en die leiers van al die meerderheids- en minderheidspartye plaasvind. Onderhandelinge gaan by uitstek in die komitee-stadium van elke wetsontwerp plaasvind. En onderhandelinge gaan in die Presidentsraad plaasvind. Die PFP kan tog nie beweer dat hulle teen dié soort gestruktureerde onderhandelinge gekant is nie. Of is hulle ?

Die PFP se hoofbeswaar is dat die Swartes nie by die stelsel ingesluit word nie en dat dit tot groter polarisering sal lei. Die PFP probeer om doelbewus die valse indruk te wek as sou die Swartes uit alle konstitusionele strukture gelaat word. Dit is natuurlik nie die geval nie. Wat wel waar is, is dat die konstitusionele inspraak wat vir die verskillende Swart groepe in die vooruitsig gestel word, nie deur middel van die Parlementêre stelsel sal gebeur nie, maar wel deur middel van die konfederale strukture. Die besonderhede daarvan moet nog uitgewerk word.

'n Belangrike rede waarom die Referendum nie geboikot moet word nie, is omdat dit die konstitusionele proses net so kan vertraag en moontlik net so kan ontwrig soos wat die effek van die PFP se boikot van die voorstelle vir 'n Presidentsraad én 'n Swartraad in 1980 was. Hierdie boikot van die PFP was uit die oogpunt van konstitusionele ontwikkeling 'n hoogs onverantwoordelike daad. Ons moet onthou dat die 1980 voorstelle vir die totstandkoming van 'n Presidentsraad én 'n Swartraad voorsiening gemaak het én dat die komitees van die twee rade soms saam sou vergader het. Kom ons veronderstel die PFP het die 1980 voorstelle aanvaar en die Swartleiers oortuig om dit ook te aanvaar eerder as om hulle aan te raai om nie deel te neem nie, hoeveel verder sou ons nie nou al op die konstitusionele pad kon gevorder het nie? Die PFP het eenmaal geboikot en dit het die konstitusionele proses erg vertraag. As hy weer boikot, sal die geskiedenis 'n onverbiddelike oordeel oor hom vel.

Dit was 'n baie tragiese dag toe die PFP besluit het om nie langer daarna te streef om 'n alternatiewe regering te wees nie, maar om het 'n effektiewe opposisie te wees. Dit was 'n besluit wat die wese van die parlementêre stelsel ondermyn. 'n Party tree binne 'n parlementêre stelsel net met die nodige mate van verantwoordelikheid op as hy doelbewus daarna streef om 'n alternatiewe regering te wees. Die PFP se boikotbeleid bewys dat hy toe nooit daarop geslaag het om 'n effektiewe opposisie te wees nie. Geen wonder nie, want so-iets is 'n onding in 'n parlementêre stelsel. Al waartoe die PFP wel geslaag het is om 'n destruktiwe opposisie te word. En op die